



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 257

20 April 2009

TOULEIER

Ons loop 'n bloutjie, en pak vir 'n woestyn-uittog



Dinge is dof hier in Doha. Is dit mistig of stowwerig? Moeilik om te sê. Ek weet net daai somer waarvan hulle so baie praat, is nog glad nie in sig nie. Dalk is hierdie Khalahariklong, hierdie kind wat mooier (Gemsbokpark) en hoër (Namibië) duine ken, maar net gewoon aan hitte.

Miskien is dit ook dof omdat ek dikbek is. Eintlik meer bitterbek. Soos julle weet, het ek nogal baie moeite gedoen om almal wat leef en beef te laat weet dat ons mense oorsee mag en kan stem.

Ek en Kamermaatjie het toe ook somer twee of drie keer ons aansoek deurgefaks en die dag van die stemmery hier op die 15de, sit ons toe ook af na die ambassade toe met ons goedkeuringsbriefies en ons paspoorte. Vat ook somer gewaarmerkte afskrifte van ons ID saam. Daar struikel ons toe oor die laaste hekkie.

"Jammer meneer, sonder die ID self EN die paspoort, sal jy nie kan stem nie," verduidelik die vriendelikste Arabiese antie wat ek ooit ontmoet het. Ek probeer toe maar die DA verteenwoordiger aanvat. Dié is toe nog vriendeliker.

Ook maar goed, anders was ek en Kamermaatjie weer aanmekaar omdat ek my dan weer kwansuis soos 'n ot in die openbaar sou gedra. Ek sou weer al my speelgoed net daar uit die kot gegooi het. Ag, nou ja, nog twee stemme minder dié keer. 'n Mens kan maar net hoop Zimbabwe Suid hou nog 'n bietjie langer uit.

Op 'n lekkerder trant: Ons gaan later dié week na die binnelandse see toe. 'n Baie groot groep Saners gaan die uittog aandurf. Die van julle wat Google Earth het, kan gerus gaan kyk van watter plek ek praat. Dis nou nie eintlik 'n binnelandse see in die ware sin van die woord nie - hy is meer soos 'n tamaai strandmeer wat instoot tussen Katar en Saudi Arabië. Daar is juis 'n geskil tussen die twee lande oor waar presies die grens loop, met die gevolg dat mens glad nie op 'n bootjie of kano in daardie omgewing op die water mag gaan nie.

Op Google gaan jy eers na Doha, en dan beweeg jy suid al langs die kus af totdat jy die grens kry.

Die plek is slegs bereikbaar met vierwielaangedrewe voertuie en dit behoort nogal 'n gesig te wees om sowat 200 of meer van ons daar te sien laer trek.

Daar word al reeds beplan aan die swemgoed, toebroodjies en Germaanse bruisdrankies vir dié wat nie gaan bestuur nie. Die soutgehalte van die water is baie hoog, so 'n tjoep is nie nodig vir die dryfslag nie. Net moeilik om te duik, want 'n mens voel soos 'n kurkprop.

Laas toe ons daar was het Richard Nero, ook 'n Saner-maatjie, my op en af oor die duine goed bang gery. Die man storm mos die skuinste deel van die duin en dan, nes jy glo hier rol ons nou, dan neuk hy weer reguit af met die duin en dink jy jou dae is getel, want die Landcruiser gaan nie daai knik tussen die voet van die duin en Moeder Plataarde kan maak nie. Wonderbaarlik buig die bakkie nie. Net kneukels wat pyn van witgeit en jou trots wat effe van 'n duik in kry - 'n mens bly mos nie stil daai tyd nie, jy kerm.

Hierdie Nero-mannetjie se kop haak heel uit as hy eers daar tussen die duine kom. Ons ry dié keer liewer saam met die Van Wyks. Nie dat Christo nie ook wil woes ry nie. Ek weet egter Erna en Annabelle sal hom nie toelaat nie. Twee kwaai anties daai!

Ek vertel julle volgende keer wat gebeur het.

Groete

Hennie Greeff

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Doha, Katar

NUTTIGE SKAKEL

Hier is 'n skakel met voëlgeluide. Wêreldwyd (behalwe VSA) beskikbaar as luitone vir selfone - of om somer net te luister:

<http://www.sabirding.co.za/ringtones/ringtoneorder.asp>



ROELFIE SLAAT RAAK



❖ Jakob móét nou president word

DIE groot nuus is natuurlik dat die 783 aanklagte van korrupsie, geldwassery en dies meer veroorsaak het dat Jakob Stortkop nou nêrens werk kan kry nie en gedwing word om president te word sodat hy liggaam en siel aanmekaar kan hou.

"Niemand beantwoord my oproepe nie, niemand reageer op my CV nie en op straat probeer almal my miskyk," het hy aan Roelfie se onbetroubare bron gesê.

"Almal wil weet hoekom ek my dag in die hof wou hê, en toe R110 miljoen van die belastingbetalers gebruik het om my juis uit die hof te hou."

Jakob sê sy vreugde oor die hofuitspraak het gou verwelk toe hy die arbeidsmark met sy beperkte vaardighede en slegte reputasie wou betree.

"Iemand het voorgestel dat ek 'n loodgieter se assistent word en in storte spesialiseer, maar ek dink nie dis wat ek wil doen ná alles wat ek deurgemaak het nie."

Hy het gesê dit lyk of hy maar teen wil en dank president moet word, hoewel dit glad nie is wat hy wil doen nie.

"Maar ek weet ek kan dit doen as ek dan moet. Al wat nodig is, is om vir mense te waai en dinge te ontken en te belowe, en dis maklik."

► Maar Roelfie het slegte nuus vir hom: Sy ondersteuners verwag ook van hom om al die wit regters te fire, armoede en werkloosheid oornag op te los en aan hulle die sleutels tot die staat se skatkis te bied. Sterkte!

❖ ANC dreig met huisskoonmaak

AS 'n mens kan glo wat die ANC sê - en Roelfie is maar 'n liggelowige - dan wag daar 'n yslike huisskoonmaak op instellings en staatsdepartemente wat nie "na behore" funksioneer nie.

En skielik word daar nou ook gepraat van 'n "vaardigheidstekort" pleks van die ou, afgesaagde "gebrek aan kapasiteit", wat natuurlik nes "na behore" yslike eufemismes is.

Nou wonder Roelfie stilletjies of die regeerders enige idee het van presies hoe groot hierdie twee probleme is - soos in die Voos-Kaap, waar die helfte van die begroting wat ná al die korrupsie oorgebly het, wéér nie bestee kon word nie en alles steeds vinniger agteruitgaan, soos ook in Mpoepallankal, Limpôpô, Noordweg en elders die geval is.

► Ons sal maar wag en kyk, maar Roelfie vrees die wind waai wes, soos die ou oom op die biddag vir reën gesê het.

❖ Goeie nuus oor kabeldiewe

DIT lyk of die nuwe Wetsontwerp op Gebruikte Goedere uiteindelik die kabeldiewe se hande gaan begin knoop. Hoog tyd ook, want Duskantland verloor jaarliks meer as R5 miljard aan gesteelde kables.

Die ou wet het voorsiening gemaak vir ses maande tronkstraf, maar dit gaan nou tot 10 jaar opgeskuif word.

Die impak sal eers volgende jaar gesien word, want daar is nog 'n klomp dinge wat in plek moet kom, soos polisie wat opgelei moet word om die wet toe te pas.

► En dit kan dalk die grootste struikelblok wees: Toepassing van die wet.

❖ Slegte goeie nuus oor plase

DIE slegte nuus is dat nóg 'n plaas van swart boere weggeneem is omdat hulle dit verwaarloos het. Sleg, omdat Duskantland ook welvarende swart boere nodig het. Maar wanneer 'n plaas die regering amper R2 miljoen gekos het al twee jaar leeg staan, kan dit nie anders nie - en die goeie nuus is dat die minister van plase dit self ingesien het.

Die nuwe eienaar is nog R280 000 vir verbeterings voorgeskiet, maar daar het dadels van gekom want sy het daarmee verdwyn en die plaas onderverhuur.

► Die feit dat nog vyf plase op die punt staan om teruggeneem te word, is dit tegelykertyd nog slegte nuus én goeie nuus.

❖ Goeie nuus oor die KKNK

VAN oraloer kom daar goeie nuus van die afgelope Afrikaanse fees in die Volstruisdorp wat Roelfie dalk net kan laat oorweeg om weer 'n slag die KKNK by te woon: Geen rassevoorvalle, leër strate, stampvol sale en omtrent geen besopenes.

► Wil mos al lyk of die ekonomie die suipgatte en molesmaker wat so 'n oorlas van hulself gemaak het, meer raak as die opgevoede mense.

Allegaartjie

Jou man is ernstig siek. Maak elke dag vir hom drie stewige maaltye. Geen takies nie, moet oor niks kla nie, wees altyd aangenaam. En klim verskeie kere in die week saam met hom in die bed en maak liefde. As jy dit 'n jaar lank doen, sal hy heeltemal van sy ernstige kwaal genees word en lank leef.



Wat het die dokter gesê?



Jy gaan sterf.

Stap is baie belangrik!

- Stap kan jou lewe baie verleng. Op die rype ouderdom van 85 kan jy dan 'n volle vyf ekstra maande in die siekeboek teen R7 000 per maand deurbring.
- Ek hou van lang stap-togte, veral as dit onderneem word deur mense wat my irriteer.
- Al rede hoekom ek sal begin stap, is om weer na my eie hygende asemhaling te luister.
- As ek wil stap, moet dit vroeg in die oggend wees voor my brein beseft wat ek doen.
- Ons word almal swaarder soos ons ouer word. Dis oor die ekstra kennis wat in ons koppe vassteek. Dis my teorie, en ek hou daarby.
- Toe my oupa 65 word, het hy elke dag 5 km begin stap. Ons het geen idee waar hy nou is nie.

Kleinsus en die kêrel

'n Universiteitstudent gaan huis toe vir die vakansie en waarsku haar ouers dat sy haar nuwe kêrel saambring. Die ou is 'n dwergie en die student vra haar ouers om asseblief tog haar sesjarige sussie in te lig.

Die ma neem vir kleinsus eenkant en sê: "Poplap, jou ouer suster kom die naweek huis toe en sy bring haar nuwe kêrel saam. Hy lyk anders as ons, maar jy mag nie vir hom vrae vra of na hom staar nie, gehoor?"

Kleinsus verstaan mooi en belowe om haar te gedra.

Ousus en haar kêrel daag op en toe Kleinsus die kêreltjie sien, kon sy haarself skaars betuel.

Die gesin gaan sit aan vir aandete en Kleinsus vermy oogkontak met die gas en bly tjoepstil. Net ná die hoofereg dra die ouers en ousus die vuil borde kombuis toe en gaan berei die nagereg voor, en dis net Kleinsus en die dwerg aan tafel.

'n Ongemaklike stilte heers 'n rukkie, maar toe kan die meisietjie dit nie meer hou nie, en vra: "Hoe gaan dit nog met Sneeuwitjie?"



Hoekom is mans so mal oor 'n meisie in leer? Dit ruik vir hulle nes 'n nuwe plaasbakkie.

HIERT! SO 'N PERD!

Koos van der Merwe woon die koningin se verjaardagparade in Londen by en kry 'n lieflike staanplek baie naby aan waar sy op haar perd sit.

Skielik los die perd 'n enorme wind, tot die koningin se groot verleentheid. Sy voel sy móét net iets sê, en sê:

"I beg your pardon."

Waarop Koos antwoord: "Madam, don't worry, if you hadn't apologised, I would have thought it was the horse."



OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

T.F. Burgers moes lank wag vir sy laaste rus

Nou die dag toe gaan loop ek weer in die ou begraafplaas in Kerkstraat. Die eerste wat opval, is dat die woord Heldeakker weg is. Of die weg beteken dat die naam verander het, en of die letters wat die naam uitgespel het bloot gesteel is, weet ek nou nie.

In die dae waarin ons nou leef is enige van die moontlikhede seker nie vergesog nie. Ek besluit toe maar om nie te veel te wonder nie en net weer die stukkie aarde te gaan besoek.

Lopende so tussen die grafte en gedenkstone deur, oorweldig die versoeking my om tog te wonder. Net so 'n bietjie. Ek wonder toe wie het besluit wie nou hier begrawe mag word.

Die eerste persoon wat hier sy laaste rusplek gevind het, was die held van Bloedrivier, Andries Pretorius. Hoewel hy reeds in 1853 oorlede is, is hy eers op 31 Mei 1891 hier herbegrawe.

Pres. Paul Kruger is nie in die heldeakker begrawe nie. Sy voorganger, pres T.F. Burgers, wel. Ek wonder hoekom.

Arme T.F. Burgers het op sy sterfbed versoek dat hy by die ingang van 'n skaapkraal begrawe moes word sodat alle verwysings na hom in die vergetelheid vertrap kon word.

Dit is hom nie gegun nie, en rus het die man ook nie maklik gevind nie.

Ná sy dood in 1881 is hy in die dorpsbegravingplaas op Richmond in die Karoo begrawe. Sewe jaar later het sy familie besluit dat hul 'n fout gemaak het deur hom op die dorp te begrawe. Hy is toe opgegrawe en op sy plaas herbegrawe. Hier is hy ook net sewe jaar se rus gegun voordat hy weer opgegrawe is en in 1895 in die Heldeakker herbegrawe is.

Burgers was, reg of verkeerd, die eerste politieke leier wat hier begrawe is. Ná hom is J.G. Strijdom (eerste minister), E.G. Jansen (goewerneur-generaal) en dr. H.F. Verwoerd (eerste minister) ook hier te ruste gelê.

Dis opvallend is dat daar vir mev. Verwoerd 'n plekkie gelaat is wat nooit gevul is nie. Dr. Verwoerd se opvolgers John Vorster en P.W. Botha het die politiek verbitterd verlaat en is op ander plekke begrawe.

Ook kommandant-generaal Piet Joubert, die vader van die gedagte van 'n heldeakker, het verkies om op sy plaas begrawe te word.

Toe ek my rug op die Heldeakker draai en terug motor toe begin loop, toe oorval die versoeking my weer om te wonder. Te wonder op politieke leiers ooit lang lewens as helde gegun word. En te wonder of ook FW de Klerk eendag hier op die oordeelsdag gaan kom wag.

En te wonder wat ons nageslag eendag dié stukkie aarde gaan noem.



TABAK was baie gesog op kommando en het al skaarser geword hoe langer die oorlog geduur het.

Die Transvaalse koerant *De Volkstem* het in Oktober 1899 'n tabakfonds gestig en weggespring met 'n donasie van 10 pond deur Paul Kruger en 'n skenking van 450 kg deur die sakeman Sammy Marks.

Toe genl. Barry Hertzog die Oranje in Desember 1900 oorgesteek het, het sy kommando twee mudsakke vol tabak oorkant die rivier gekry. Hulle het in 'n doringbos afgesaal en jy kon die rookdamp wat opgestyg het van ver af sien.

Tabak het só gesog geword dat 'n man met regte tabak skelmpies moes rook, anders moes hy sy pyp die rondte laat doen.


Die burgers se vindingrykheid het wel vir plaasvervangers gesorg. Pampoen-, perske- of aartappelblare of sakke is in tabak-ekstrak gedoop - iets wat gewoonlik as 'n skaapdiip teen blouluis gebruik is.

Dit is dan in die son of op 'n blikplaat oor die vuur gedroog, in repe gesny of fyn gekerf en dan gerook nadat dit soms met 'n bietjie regte tabak gemeng was.



Dié week se giggels

Stuur jou humor aan pos@onsdorp.com en merk dit GRAPPIES



GHOLF

Ek is onlangs gevra om in 'n gholftoernooi te speel, maar het dit van die hand gewys.
 "Ag, komaan, dis vir blinde en gestremde kinders! Kom speel!" hou my vriend aan neul.
 Toe dink ek ag, hoekom nie? Ek kan dalk net die toernooi wen . . .

PRAATPROBLEEM

'n Ou oom lê in 'n plattelandse hospitaal met prostaatmoeilikhed.
 'n Jong seun met 'n gebreekte been en 'n kwaai hakkelproebleem word in dieselfde kamer as die oom opgeneem.
 Kort voor lank begin hulle gesels.
 Die seun vra: "Wa-wa-wat m-m-makeer oom?"
 Oom: "Prostaatmoeilikhed, ou seun."
 "O-o-oom, w-w-w-wat-s p-p-prostaat m-m-moeilikhed?"
 Oom: "Ek piepie net so moeilik as wat jy praat!"

OOM KOOS VAN OUTJO

Oom Koos van Outjo het 'n bakkie en 'n groot hond. Elke keer as die oom die bakkie se deur oopmaak, spring die hond in en gaan sit op die passasiersplek, en die Ovanbo word aangesê om agter op te klim.
 So ry hulle Outjo toe en dit begin reën. Oom Koos hou stil, haal die seil uit, sit dit oor sy goedere en beveel die Ovanbo om op die seil te sit sodat dit nie wegwaai nie. (Die Ovanbo kan maar nat word.)
 Die pad het intussen baie nat geword, oom Koos gooi die bakkie om en sterf.
 Die Ovanbo is uitgeslinger, maar kom niks oor nie, en daar sit hy met 'n dik bek.
 Die polisie kom ondersoek instel en vra die Ovanbo: "Wat het die Oubaas gedoen dat hy die kar omgegooi het?"
 Die Ovanbo sê: "Nee, vra vir die blerrie hond. Hy sit mos altyd voor!"



BRA BLOND

"Ek gaan gou die plante buite natgooi," sê die blondine.
 "Maar dit reën dan buite!" sê die brunet.
 Blondine: "Halloooooooooo! Het jy al ooit van 'n reënjas gehoor?"
 * * *
 Die blondine se woonstel begin brand en sy bel die brandweer.
 "Hoe kom ons by jou uit?" vra die brandweerhoof.
 Blondine: "Het julle dan nie meer daai groot, rooi lorrie nie?"

Ek het woorde met my vrou gehad, en sy het paragrawe met my gehad.
 -- Sigmund Freud

ANDY CAPP deur Mahoney en Kettle



Die storie van Charlie Brown



Kyk mooi na die foto van die B-17 bomwerper hierbo: Een enjin is dood, sy stert, horisontale stabiliseerder en neus is weggeskiet. Die ander vliegtuig op die foto is 'n Duitse ME-109.

Lees dan dié ware verhaal uit die Tweede Wêreldoorlog:

Charlie Brown was 'n B-17 vlieënier in 379 Eskader en sy vliegtuig was in 'n erge toestand nadat dit onder lugafweer en ander vegvliegtuie deurgeloopt het.

Die kompas was flenters en sy eskader was besig om al dieper in die vyandelike gebied in te vlieg.

'n Duitse vlieënier by name Franz Steigler is opdrag gegee om die B-17 af te skiet, en kon sy oë nie glo toe hy naby kom nie. Hy het nog nooit 'n vliegtuig in so 'n swak toestand gesien nie, en daarby was die agterkanonier gewond en die ander kanonier se liggaam was oor die romp versprei. Die B-17 se neus en stert was weggeskiet en hy was origns vol gate.

Franz het tot langs die B-17 gevlieg en na die vlieënier gekyk. Brown was vreesbevange en het gesukkel om sy stukkende en bloedbesmeerde tuig in die lug e hou.

Franz het besef Brown het geen idee waarheen hy op pad was nie, en het aan hom beduie om 'n 180°-draai te maak. Hy het die B-17 toe tot oor die Noordsee op pad na Engeland begelei, Brown gesalueer en teruggedraai Duitsland toe, waar hy gesê het die B-17 is oor die see neergeskiet. Brown en die res van sy bemanning is beveel om niemand van die voorval te vertel nie.

Meer as 40 jaar later wou Charlie Brown die Luftwaffe-vlieënier wat sy bemanning gered het, opspoor. Jare later het hy daarin geslaag, en hulle het mekaar in die USA op 'n re-unie van die 379 Eskader ontmoet.

Dit het geblyk dat Brown in Seattle gebly en dat Franz ná die oorlog na Vancouver geëmigreer het. Hulle het die afgelope 50 jaar minder as 200 myl van mekaar gewoon!

Dit was in die dae toe daar nog eer verbonde was aan soldaat wees. Hulle het hul uniforms met trots gedra.

Hulle het nie in moskees of agter vroue en kinders weggekruip nie. Hulle het ook nie verstandelik vertraagde vroue as selfmoord-bomplanters gebruik om onskuldige burgers dood te maak nie.

Bron: www.snopes.com



Charlie Brown (links) en Franz Steigler op hul re-unie dekades ná die oorlog.

WO II ONGEVALLE

Die ou Sowjet-unie (21 miljoen), Sjina (11 miljoen), Duitsland (7 miljoen) en Pole (6.8 miljoen) het die grootste militêre en siviele prys in die oorlog betaal.

Amerika se militêre ongevalle was 500000 en Brittanje s'n 326000. Japan se totale getal slagoffers word op 2 miljoen gestel.

Net meer as 9 000 Suid-Afrikaners het op die slagveld gesneuwel.



MAKERIEPAS

Slegte marsjeerder se maag werk toe skielik

Deur Wessel Ebersohn

Die meeste tyd in enige army, veral in die eerste dae, word gewy aan dril. en hier was dit nie anders nie.

Ons is ingelig dat die pelotonne teen mekaar gaan meeding en dat die beste drilpeleton aan die einde van die opleiding aangewys gaan word. Die Kalaharimense hou van uitdagings en het hierdie kompetisie baie ernstig benader, elkeen wou wen.

Die meeste mense het darem 'n begrip van ritme en die drillery het goed gegaan met die manne wat gou die basiese beginsels onder die knie gekry het.

In ons peleton was daar egter twee uitsonderings. Daar was 'n kêrel wat, soos hy dit gestel het, uit die diep Boesmanland gekom het. Ons kon ons verluister aan sy kostelike manier van praat. Soos die dag toe hy teen die muur langs die saalingang sit en Riempies op sy dun beentjies uitgestap kom.

"My, hoe skrek ek nou! Ek dog die man kom hier op sy se hanne ytgestap!"

Hy het alles goed en reg gedoen, maar wanneer die luitenant halt! roep, het hy so half vasgesteek, so 'n halwe meter in die lug opgespring en met die afkom sy voete hard op die grond geklap.

Elke keer het dit hard praat gekos om die manne agter hom stil te kry. Met 'n bietjie geduld en oefening kon hy darem oortuig word om maar sy ding sommer net daar op die aarde te doen.

Die ander ou se probleem was veel erger. Hy het geen die minste beduidenis van ritme gehad nie. Die een korporaal het ure langs die paradegrond spandeer om hom te probeer leer van "links, nou regs, weer links", maar vergeet, hy kon net eenvoudig nie in pas marsjeer nie.

Hy het ons later vertel dat hy waarskynlik die enigste mens in die wêreld is wat deur die Arthur Murray dansskool in die pad gesteek is. Hulle het sy geld vir hom teruggegee en erken dat hulle nie in staat is om hom te leer dans nie.

Hoe nou gemaak? Die kompetisie was op hande en hierdie man sou beslis ons kans om te wen 'n ernstige knou gee.

Op die dag van die kompetisie was Frikkie nêrens te sien nie en sy plek in die skwad was leeg. Die ander pelotonne het swaar gesluk aan ons verduideliking dat hy „'n maagvirus het, maar die dokter, toevallig 'n paar van ons se huisdokter, se diagnose kon nie betwyfel word nie.

Die manne het gemarsjeer en geregsom en gelinksom sonder probleme, die Boesmanlander het niks hoër as so 'n paar sentimeters gesprong as hy halt nie en ons peleton is as die kampioene gekroon.

Wonder bo wonder was Frikkie die middag gesond genoeg om die prysoorhandiging by te woon.

•• HENNIE LAS BY:

In my tyd was daar weer ene Jan, wat bitter gesukkel het met die regsom en die linksom.

Regsom draai jy op die hak van jou regtervoet en die toon van jou linkervoet, en linksom werk natuurlik andersom.

Jan kon die links en die regs binne 'n paar dae onder die knie kry, maar nie die draaiery op die voete nie.

Keer op keer moes hy kyk, en dan self probeer.

"Goed. Korporaal - ek verstaan. Kyk, so: Regsom op die toon van my regtervoet en die bal van my linker . . ." en dan vleg hy weer sy bene soos 'n koeksister.

Ek onthou nie meer hoeveel weke dit geduur het voordat hy dit wel onder die knie gekry het nie. Ek onthou wel dat hy 'n paar keer met omkeer op die mars in die stof gebyt en die hele kompanie se marsjeerders op 'n hoop gedruk het.

Die luitenant ry tydens maneuvres met sy Jeep op 'n modderpad en kom 'n kolonel teë wie se Jeep vassit.

"Sit u Jeep vas, Kolonel?" vra hy ewe beleefd.

"Nee," sê die kolonel, en vat sy sleutels. "Jóú Jeep sit vas."



AFRIKAANS is mos my taal

'n Klap van die windmeul weghê

Dit beteken natuurlik dieselfde as om met die maan gepla te wees. Maar die uitdrukking het 'n heel ander oorsprong. Dit is terug te voer na ons voor-sate in Europa wat veel meer met windmeulens te doen gehad het as ons.


En die wieke van 'n windmeul kon 'n onverantwoordelike mens inderdaad met ramspoedige gevolge teen die kop tref!

Die idioom is egter bes moontlik lewend gehou deur die wêreldberoemde roman Don Quichot van die Spaanse skrywer Miguel de Cervantes Saavedras (1547-1616).

Quichot, 'n maer, middeljarige landheer van die platte-land wat hom verbeel dat hy 'n ridder is, loop in die roman 'n windmeul storm onder die indruk dat dit 'n reus is. Maar soos daar in die verhaal staan:

"Metdat hy die windmeul nader, begin 'n oggendwindjie waai, wat die wieke laat draai en Quichot 'n hou teen die kant van die kop gee wat hom op die grond laat neerslaan."

Toegee, eintlik was ou don Quichot al hoeka "in die bol gepik" nog voordat die windmeul hom so venynig "geklap" het!



So 'n bietjie PITKOS

Rip se medalje onder hamer

Die medalje wat die baster foksterriër Rip in die Tweede Wêreldoorlog verwerf het, word Donderdag in Londen opge-veil.

Rip het in 12 maande in 1940-'41 meer as 100 slagoffers van die Blitz in die Londense puin uitgeruik en reddingswerkers in staat gestel om hulle na veiligheid te bring.

Wat sy verhaal nog merkwaardiger maak, is dat hy geen opleiding as snuffel-hond gehad het nie. Sy verbasende sukses-tempo het tot die uitsonderlike eer gelei dat hy met die PDSA Dickin-medalje vereer is - die dierlike ekwiva-lent van die Victoria-kruis. Rip is in 1946 van ouderdom dood, maar sy medalje het behoue gebly.

Dit is een van net 62 soortgelyke medaljes wat vir dapperheid toegeken is aan 'n groep diere wat 'n kat, drie perde en 32 duiwe ingesluit het.

Rip was dakloos gelaat nadat die Luftwaffe Poplar in Londen-Oos in 1940 gebombardeerl het. Hy het die bomaanval oorleef en het daarna op straat rondgeswerf totdat hy met 'n lugaanval-voorkomingsoffisier genaamd King bevriend geraak het. Hierdie vriendskap het dwarsdeur die oorlog geheers.

Dit was grootliks aan Rip te danke dat daar later besluit is om honde formeel op te lei om bomslagoffers onder die puin op te spoor. Die medalje -vernoem na die stigter van 'n veeartseny welsynsdiens, Maria Dickin - is in 1945 aan Rip toegeken. Hy het dit tot met sy dood aan sy nekband gedra.

Medaljekenners reken die medalje kan tot R130000 op die veiling haal.

Bron: Sapa-AP



Die sigaret-aansteker is voor die veiligheidsvuur-houtjie uitgevind.

Leonardo da Vinci was dislekties en het dikwels agteruit geskryf.





Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur Retha Kruger

Waarna verlang ons Anderkanters die meeste?

En waarna verlang die meeste Duskanters as die lewe druk?

Na ons Afrikaanse ma's se bekende kos!

Hier is nog twee trooskos-resepte, maklik genoeg ook vir die vele alleen-lopende mans onder ons vir daardie dae wanneer jou lus uithang, maar jy nie meer jou ma kan bel nie om te vra: Ma, hoe maak mens?

Mieliegereg saam met braaivleis

Meng :

2 blikkies soetmielies

½ kop mieliemeel

½ kop melk

½ kop suiker

½ halwe tl bakpoeier

2 geklitste eiers

Gooi in oondpan. Bak teen 190 °C tot gestol en goudbruin.

Plaas-fudge

In kastrol op stoof, verhit 55 ml margarien, 125 ml water, 560 ml suiker totdat die suiker gesmelt is.

Voeg 1 blikkie kondensmelk by, roer en verhit tot by kookpunt.

Kook tot dit dik word. (As jy wonder: ons ma's het klein druppeltjies met 'n teelepel in 'n koppie yskoue water gedrup. As dit dadelik stol, is dit reg.)

Haal van stoof af en klop dit nou baie goed.

Gooi uit in metaal pannetjie waarin dit kan afkoel.

Voor dit heeltemal koud en hard is, sny dit in vierkante, en haal dit uit wanneer dit heeltemal koud is.

•• Mense kan self met Retha gaan gesels op haar eie werfie op Onsdorp.

Jy gaan net na die volgende adres:

<http://www.onsdorp.com/somaakmens.html>



Advertensie-foefie werk toe soos 'n bom!

'n Halfblad-advertensie in die *Sunday Times* en radioflitse wat gepleit het dat die romplengtes op alle toilet-advertensies verander moet word, was toe al die tyd 'n foefie.

Maar dit het eers aan die lig gekom nadat die veldtog op meer as 200 blogs in 23 lande verskyn en aanleiding gegee het tot meer as 6000 stemboodskappe en 360 000 klikke van protes op die veldtog se webwerf.

Die hoof van die veldtog het gesê dit was om gemeenskapsbelangstelling in die produk aan te moedig.

"Mense is deesdae baie sensitief as dit by verandering kom, soos straat- en dorpsname. Die idee was om mense opgepomp te kry oor iets wat sonder goeie rede verander word. Ons het die boerpot geslaan en baie meer reaksie gekry as waarvoor ons met ons begroting van R500 000 kon hoop."

Die doel agter die veldtog - soos dit later op TV ontmasker is - was om te sê dat Mrs Balls se oorspronklike blatjang-resep nie verander gaan word nie.

• **Hoera dat Mrs Balls nie krap waar dit nie jeuk nie!**

Nog hospitaal-inskrywings

1. Rektale ondersoek het getoon dat die pasiënt se skildklier normaal is.
2. Sy sê sy was vir die grootste deel van haar lewe hardlywig, totdat sy geskei het.
3. Albei borste reageer eenders op lig en akkommodasie.
4. Die pelvis-ondersoek sal later op die vloer gedoen word.
5. Groot bruin stoelgang wat in die saal swerf.
6. Pasiënt het twee tieners, maar geen ander abnormaliteite nie.

En hierdie een werk net in Engels:

7. Examination of genitalia reveals that he is circus sized.



Duskantlanders in Anderkantland

Met Bok van Blerk se klanke deur die Rockies!

Die rubriekskrywer DAVID BIGGS is op toer in Kanada, en hier is uittreksels uit die rubrieke wat hy vir die Cape Argus skryf.

OP reis deur Kanada kan ek kwalik glo dat ons 'n resessie beleef. Ja, daar is talle huise te koop, maar daar is oral konstruksiewerk en spanne werkers is besig om brûe te bou en die winderskade aan paaie te herstel.

Oral in die VSA en Kanada is daar winkels wat Suid-Afrikaanse goedere verkoop aan Duskantlanders wat hier sit en verlang.

Hier in Calgary kan jy ordentlike boerewors en biltong koop, sowel as Kaapse styl gepiekelde vis en koeksisters by 'n slordige winkeltjie wat nie uit sy plek sal wees op plekkies soos Noupoot of Cocoloan nie.

Ek het 'n vuil spesmaas dat Wouter se klante eintlik soontoe gaan om sy dik, Vrystaatse Afrikaanse aksent te hoor. Net soos by die huis!

Hulle kan ook aan hul Afrikaans skaaf en dit oefen en voel soos lede van 'n eksklusiewe klub.

("Heng, ma, waar het jy geleer om so snaaks te praat?")

* * *

MY skoonseun is 'n ingenieur en het homself in 'n werk bevind wat hy nie geniet het nie. Gelukkig het hy 'n passie vir musiek. Hy versamel CD's van Suid-Afrikaanse *bands*, en 'n paar jaar gelede het een van sy expat-vriende gevra waar hy so iets in die hande kan kry.

Dit was die begin van 'n posbestellingsdiens wat buite alle proporsie gegroei het. Vandag pos hy weekliks honderde CD's aan mense oraloor. Interessant genoeg is dit nie net die Suid-Afrikaners wat die musiek geniet nie, want rondom die wêreld hou mense tyd op die maat van Suid-Afrikaanse ritmes wat ons klompie in Vishoek en Rondebosch nog nooit gehoor het nie.

Ek was verras om te hoor dat Duitsland een van sy groot markte vir Afrikaanse musiek is.

Dit was nogal 'n vreemde ervaring om deur die sneeubedekte Rockies te ry met die klanke van Bok van Blerk se *So Waai die Wind* op die motor se stereostelsel.

Ek dink dit wys net weer dat Duskantlanders oral kan oorleef.

* * *

KOMENDE van Suid-Afrika was ek heel verras dat ander lande net so misdaadbewus soos ons is.

Hier in Calgary hou almal vir almal senuweeagtig dop, net soos ons in Kaapstad maak. 'n Berig in die *City and Observer* het statistieke aangehaal dat die gemiddelde inwoner minstens 20 ker per dag deur 'n veiligheidskamera afgeneem word. Die voorstedelike trein, die skoolgronde, restaurante en busse is almal met sulke kameras toegerus.

Daar is mense wat kla oor hierdie ge-dophouery. Wil ons regtig elke minuut van die dag dopgehou en afgeneem word? Eintlik lyk dit of die antwoord ja is.

Amper almal wat ek hier ontmoet het, is op Facebook - wat dit vir my laat lyk of jy jou hele lewe vir openbare waarneming oopstel. Maar jy is in elk geval openbare besit, Facebook ofte nie.

Toe ek vir 'n vlug van Londen na Calgary ingeboek het, moes ek net my paspoort vir 'n paar sekondes onder 'n aftaster hou. Nie my kaartjie nie, net die paspoort.

Op een of ander manier het die rekenaar my dadelik herken, en al die besonderhede rakende my vlug, my sitplek en vertrektyd uitgedruk. Dit laat dit my wonder watter ander dinge in daardie databanke versteek is. Soos watter boeke ek in Vishoek se biblioteek uitgeneem het?

Jy druk jou Suid-Afrikaanse bankkaart in 'n lesers by een of ander plattelandse winkeltjie in die boendoe van Kanada, en hulle kan sien of daar genoeg geld in jou Vishoekse rekening is om vir jou pakkie springmielies in Kanada te betaal.

Sekerheidskameras? Wie gee om - ons is in elk geval deel van die groot internasionale rekenaar se rekordboek!



Doen dit self!

KAMMANUUS plaas elke keer 'n wenk wat sy lesers sal help om kostes te bespaar.

Hoe om 'n sigaret-brandmerk op jou duur tapyt te herstel


Neem 'n suurlemoen en sny dit met 'n mes middeldeur.

Druk die sap uit in 'n groot glas wat met helfte jenewer en helfte tonikum gevul is.

Voeg ys by. Drink genoeg sulke glase (kry nog suurlemoene) totdat die brandmerk op die mat uit fokus begin lyk.

Skuif dan die sitkamerbank oor die merk.

Stuur jou wenk aan pos@onsdorp.com en merk dit WENK. Sô help ons mekaar!



Doen dit self - Zimbabwe styl

zimdailly.com

VADER VAN VELE

'n Klein seuntjie het op die bus geklim, en gaan sit langs 'n man wat 'n boek lees. Hy let op dat die man se kraag agterstevoor is, en vra hoekom.

Die man, wat 'n priester was, antwoord: "Want ek is 'n vader."

"My pa is ook 'n vader, maar hy dra nie sy kraag so nie," sê die seuntjie.

Die priester kyk op van sy boek af, en sê: "Maar ek is die vader van vele!"

Seuntjie: "My pa het vier seuns, drie dogters en twee kleinkinders, en hy dra nie sy kraag so nie."

Die priester raak nou ongeduldig: "Ek is die vader van honderde!"

Die seuntjie het so 'n rukkie hieroor gedink, en sê toe: "Miskien moet jy liever jou broek agterstevoor aantrek, nie jou kraag nie."



Miere wat selfmoord pleeg

Navorsers het ontdek dat daar heroïese Brasiliaanse miere is wat hul lewens in belang van die nes opoffer.

Hierdie miere verlaat snags die nes en skop sand oor die ingang om die nes teen vyande te beskerm. In die proses word hulle self van die nes uitgesluit en sterf.

Dit is die eerste keer dat so 'n vorm van selfmoord sonder enige sigbare bedreiging in die insekswêreld aangeteken word.

Die Poolse wetenskaplike Adam Tofilski, wat die fenomeen ontdek het, glo dat sulke miere egter nie as lede van 'n "kamikaze kaste" beskryf kan word nie. Hy glo dat die insekte wat hul lewens so in die groter belang aflê, siekes en bejaardes is, en dus ontbeerlik en afskryfbaar is.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

FAMILIEWAPENS: DIS 'N FOEFIE!

Twee lesers hieronder doen navraag oor familiewapens. Daar bestaan egter nie so iets nie. Dr. Cor Pama se boek oor familiewapens - en alle ander bronne hieroor - is 'n bedrogspul, want daar is geen sulke wapens geregistreer nie.

Lees gerus self meer hieroor by

<http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?t=9987>

Daar is ook baie ander bronne en inligting op Google: Tik Afrikaanse Familiewapens op die soekbalkie.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

CLOETE

janajakkals@gmail.com

Oos-Kaapse Cloetes, familie oorspronklik van Dordrecht. Uitgewyk na PE. Kaapstad, Stellenbosch en Vanderbijlpark.

DU TOIT

ithemba@webmail.co.za

My pa was Frederik Andries Jacobus (1906). My ma Anna Magdalena Pistorius (1916).

KOTZE

kotzen1@telkomsa.net

Ek benodig die Kotze-familiewapen. My wyle skoonpa was Daniel Rudolf Kotze.

PRINSLOO

veroushca@enviroserv.co.za

My oupa was Jan Prinsloo. My pa is Pieter Antonie Johannes Prinsloo. My ma is Driekie.

SMITH

carel@kleinfontein.net

Vader Everhardus Johannes Smith. Ek is opsoek na my familiewapen.

STIPP

0832592825@mtn.co.za

Ek soek inligting oor my pa se stamboom. Hy was JC Stipp en was getroud met A.H.M. Bekker. Sy pa was oorlede toe hy nog klein was en sy ma was Susara Susanna Stipp. Ek dink hulle kom van Pewroia af en het toe Potchefstroom toe getrek. Ek wil regtig wil weet of daar nog familie iewers is wat hulle geken het.

VAN DER WATT

paulmarais@mweb.co.za

Stamvader is Hendrik van der Watt gebore 1700. Benodig meer inligting.

VAN LOGGERENBERG

Epos: mcvl@absamail.co.za

Oupa se naam was Jan Tait van Loggerenberg, woonagtig Gamtoosvalei, na vloed in 1916 verhuis na Kabeljousrivier, distrik Humansdorp, Oos Kaap.

VAN LOGGERENBERG

ntonjes@hotmail.com

Familie afkomstig van Lindley, Vrystaat. Ouma was Jokoba Steyn (1890). Haar pa was broer of direkte neef van President Martinus Steyn.

My oupa was Martinus Nicolaas van Loggerenberg (1887). 11 kinders. My pa was Lambertus Johannes Jakobus van Loggerenberg (1938). Nie seker of ons afkomstig is van Oostenryk en of ons van oorspronklik Von Loggerenberg of Von locherenberg was nie.

VAN WYK

ahjvanwyk@gmail.com

Oupa was Herman van Wyk, van Vereeniging area. Ek is Abraham Hermanus Johannes van Wyk.

VAN ZYL

kvanzyl4@gmail.com

My oupa was Martin Luther van Zyl oorlede Julie 1968. Benodig inligting oor die van Zyl's.

AGTEROS

Leeujag op Dingaansdag



Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Party anties loop sak kappieloos op knieë neer en beginne solank die wesies, weduwees, verminktes, half opgevretenes en heeltemaal verorberdes aan die Liewen Heer opdra."

Behalwe lat hy 'n storiëverteller was, was oorle oompie Doors ook 'n stamboom-mens sonder gelyke. Snuffel hy stamboomwortels uit erger as 'n ystervark in 'n aartappelland. Loop grou die ou familie doer diep in oorle Herman Charles Bosman se wêreld uit. Groot Marico.

Blykbaar aan oorle Oupa Hennerik se ma se kant. Viljees. Boer jare oer gelede langs Maricorivier. Toe die wêreld nog jonk was, vertel die ou.

Loop staan en maak oorle Groot Oupa Viljee, Frans Ketel was sy bynaam, een Dingaansdag hele span Viljees en al wat aangenaide familielappe is bymekaar. Kamp die hele plaaswerf vol. Geheel en al gewyde ding die.

Vroemôre skop feesgangers af met kerkdien. Reken oompie Doors lat seker tweehonderd-en-agtien osse moes gesterf het om die span stoeltjies wat op daai werf staangemaak was te beriem. Huldig hulle die helde. Uit die Groot Boek, geheel en al met sang en gebed. Hooghollangs daai tyd. Raak sommige anties skoon tranerig van meeewing - komplete asof hulle met daai bakleiry self voorlaaiers help laai het.

Resiteer die spul Geloofte agter die prediker aan.

Politiekereg ook. Volksraadslid kom gooi sy eie sewe sakke stuiwers in die armbeurs. Práát die kêrel. Reken oompie Doors, praat daai ou twee-en-half uur se diep riempie-mote in daai bank rustelose stêre in. Sluit span af met "Ken gij het volk so hoog beneukt" vertel die ou. Toe's dit al laatmiddag.

Dapperheid en oorwinnings word nie net gehullig nie. Gevier ook. Maak staanvure. Sleep kanne stamvrug mampoer nader. Heildronk op heildronk. Later amper huildronk op huildronk, vertel Oompie. Bekers omhoog op amper elke skoot wat geskiet was en op elke Zoeloe wat geval het! Een oom laat drink sommer op die pêre wat in die skietery uitgebreek het ook.

□ □ □

Skemeraand kom hol Salmon, een van die plaaswerkers, feeskring binne. Skrou soos 'n vlakvark wat se knaters in 'n slagyster vasgeslaan is. Iets van "Daai groot kat, hy es by die beeste se kraal ingespreng!"

Babelse verwarring. Geheildronkte geloftemanne loop staan saam soos doopouers. Gryp roere, sambokke, pikstele, kieries, hooivurke en al wat anner steek- en moergoed is. Anties kerm en keer. Skrou dinge soos "O jirretjie vanaand vreet leeu se kind julle spul dronkgatte sommer sit-sit op" en "Vanaand loop staan veranner Maricorivier se naam sommer opslag in Bloedrivier!"

Party anties loop sak kappieloos op knieë neer en beginne solank die wesies, weduwees, verminktes, half opgevretenes en heeltemaal verorberdes aan die Liewen Heer opdra.

Sit juigkommando af kraal toe. Mediese ordonnans met kroiwa gelaai met vier kanne mampoer vir noodhulp agterna. Eerste ongeval skaars tien treë van begin van opmars af. Oom Hakkell Frikkie Boshoff. Slinger uit die voerkamer met gaffel omhoog. Wou blykbaar nog skrou "Halt. Werda!" Klink daai "hhhha... aaa... hhh aaaalt" vir oorle oom Dowe Dolf Gouws alteveel soos 'n jong leeu se "Haaauuu."

Loop staan en slaan hy vir Hakkell Frikkie desmoers met 'n skei wat hy so in die verbyhol by 'n wa loop staan en opkommandeer het. Vertel oompie Doors, "Toe daai skei klap, toe steier Frikkie terug en loop hang homself in 'n haak-en-steek op. Voete so ses duim vannie grond af. Kyk daai man se oë oormekaar laat dit lyk sy regteroog se trane loop drup in sy linker bosak in! Swinker as 'n kat, ou Swaer, swinker as 'n kat."

Hol een vannie vegters heelvoor met die skietlamp. Lantern aan 'n ag-span ossweep se stok vasgemaak. Soos by Bloedrivier. Frans Ketel op sy hakke met 'n ou Lee Metford. Koeël innie loop. Loop stop in hulle spore by takkraal se hek. Soos die Egiptenaars destyds toe die Rooi See hier voor hulle kom deur toeklap.

Oompie Doors sê toe's daai kraal deurmekaarder as katkots in 'n botterkarring. Loop van daai beeste sommer bo-op mekaar. Bulk-skrou benoud. Daar waar die skietlamp nie kan bykom nie, sien jy innie donker die wille wit uitpeuloë vannie stomme goed.

Val daai skietlamp se lig op die jokkie. Maanhaar sit wydsbeen op 'n os se rug. Stuur hom rond met al sy tanne in sy skof vasgekap. Verloor daai os sommer sulke strepe groenvoer soos hy hol en bokspring. Kol-kol as hy so heserig jodel, sien jy net klonte herkousel spat. Vertel Oompie.

"Skiet! Skiet!!" skrou die ligdraer. Slinger Frans Ketel twee skote kort opmekaar die duisternis in. Eerste een vang 'n jong tollie tussen die oë. Slagoffer nommer twee. Tweede skoot tref die sweepstok. Val lantern op 'n hoop droë kaf. Spreilig opslag die hele wêreld helder. Breek beeste deur die takkraal. Streep donkerte in. Maanhaar en sy ryding inkluis.

Besluit maanhaar om van ryding te verander. Skop voete uit stiebeuels en skroef kake los. Gat oor kop. Vlie daar op en maak vir die ambulans. Vlie kruiwadrywer in sy spore om. Hol omkyk-omkyk.

Hol maanhaar hom in. Maanhaar se spring en noodhulpkan se gooi sommer so een ding. Breek daai kan teen maanhaar se kop. Buig daai mampoerslag sy kompas opslag. Verander hy van gedagte en koers. Plaaswerf toe.

Hol kruiwadrywer nog so twinrig treë aan. Steek kruise se kop in die leivoor vas. Vat mediese ordonnans en twee kanne noodhulp amper tien treë verder grond. Ordonnans se kersie flikker twee keer. Verval in 'n floute met gebreekte sleutelbeen en al. Derde slagoffer.

□ □ □

Haal Oompie eers kakiesakdoek uit om die storie af te droog en vervat.

"Daai bemoerde leeu vat pad plaaswerf toe. Biddende anties maak oop soos Rooi See van ouds nadat oorle Moses al sy drif met 'n stok oppie water loop staan en uitslaan het.

Hol daai leeu droogvoets reguit in die voerkamer in. Vlie een vannie anties op. Hope teenswoordigheid van gees onder daai kappie bymekaar gehad. Hol en grennel die deur agter hom toe. Ou Swaer, toe's daai kat skuins bemoerd. Loop en verniel al wat sak vol hooi en mielies is. Lag soos 'n hiëna, brul kort-kort soos 'n leeu, sis soos 'n pofadder, pie sulke boë soos 'n mannetjieskat in Augustus en kou die tuie wat daar hang soos pruimtwak!

So kom slinger die juigkommando die werf binne. Beangs oor die slagting wat hulle verwag. Praat anties en kinnertjies almal gelyk. Beduie in alle windrigtings. Raas en kwetter soos 'n spul spreus in 'n vyeboom. Skiet oupa Frans Ketel hulle met twee Lee Metford skote tot grafswygenis. Stille val soos 'n satyn bloemer op daai werf neer.

Kom Hakkell Frikkie dronk-dronk voerkamer se kant toe. Gat vol haak-en-steek dorings

Moes daai leeu seker trillings van tweehonderd velskoene aangevoel het, want raak hy van vooraf histories bedonnerd.

Gaan kniel 'n hele linie manne met skietgoed versigtig vyftig treë van die voerkamerdeur af. "Vvuu..vvuu.....uuuu.....rrrrr,mmmm ...manmanmanmanne!" beveel Frikkie.

"Ou Swaer, oordeelsdag se moer. Daai hoop manne loop staan en skiet asof die hele Ingilse leërmag hulle aan't oorvalle is. Mampoer loop neuk nog boonop die visiere deurmekaar. Skootsvak so wyd soos die Liewen Heer se genade.

Skiet die span gekletterde skuts geute desmoers, val sulke hompe klei en roubaksteen uit die muur en loop staan en raak daai voerkamer se deur 'n houpie fyn hout. Fyner as snuif. Lyk of vierduisend honger boorkewers daai planke bespring het."

Sluip die manne versigtig nader. Lantern in die hand.

"Ou Swaer, toe't hulle in daai kamer in lig, kos dit vir hulle daai maanhaar met twee harke en 'n werfbesem loop staan en bymekaar maak. So flinters geskiet dat hulle daai hele leeu se oorblyfsels in 'n gelling roomkannetje loop versamel.

"Toe lê hy nog so vier duim van die bek af. Plek so beverf met leeumis, lat daai plaashonne vir twee jaar by die bure loop loseer het voorlat hulle so pie-pie die werf binnegsluip het."

Daai tyd toe breek die dag net-net. Anties wil nog koffie en suikerwater aanbied. Weier die vegters opstuk. Tou af na die leivoor se kant toe. Loop maak hulle daai twee kanne noodhulp bymekaar. Behandel almal wat voorkom. Of hulle nou gekwes, ongedeerd, beskrik, beskyt of net winddronk is. Behandel word hulle behandel.

"Smaak my g'n kryger het daai oggend ongedeerd by die kruit saamgekom nie. Sommige ouens het net meer behandeling ontvang as wat nodig was, maar nie een het protesteer nie," vertel oompie Doors.

Teen agur se kant toe staan daai manne kring om die roomkannetjie. Maak daar 'n Leeugelofte wat g'n Christenmens op papier kan loop staan en sit nie. Verklaar opstuk die 17de Desember as Tweede Dingaansdag.

□ □ □

Vertel oompie Doors jy kan nou nog terugaan plaas toe. Al die takke van die stamboom kom nou nog op 17 Desember bymekaar om te huldig en te skink.

En, "O ja", loop maak die ou die storieboek toe, "en die dag voor die eerste herdenking van die Leeugelofte, toe loop maak oorle Oupa Frans die laaste van sy weghol beeste bymekaar. Elf van hulle. In Dwaalboom se omgewing. Bewe hulle nog steeds van skone senuwees"

**Jou volgende dosis KAMMANUUS
is op 4 Mei**